SARIE Lekkerlees May 2009
http://www.sarie.com/lees/artikels/lekker-lees-romans



***The Punishment,* Paula Marais (Logogog, R195)**
'n Geskiedkundige roman wat in Frankryk afspeel in 1942 gedurende die oorlog. Die Duitse soldate neem die dorp Saint-Girons in en so kom Kommandant Kurt Auer in aanraking met die jong Franse vrou, Cèdonie Boineau. Om haar inkomste aan te vul en om haar seuntjie te kan versorg, moet sy naaldwerk van die Duitse soldate inneem. Kurt maak seker dat hy die uniforms af- en oplaai. So ontstaan 'n onverwagse stywe vriendskap tussen die twee, wat weldra in 'n meer intieme verhouding ontwikkel. Maar daar is baie oë wat dinge sien en oorvertel aan die owerheid vir hul eie gewin. Cèdonie moet baie versigtig wees, want sy het ander verbintenisse wat haar lewe in gevaar kan stel. Odette de Bary, die haarstilis van die dorp, het hoeka haar mes in vir Cèdonie. Dan is daar ook nog die rebelle en hulle spioenasie op almal. 'n Emosionele storie oor liefde, verraad en verlies.